

BENODIGDHEDE: Ongeveer 300 g écru Omega Nr. 8; hekelpen van 1,50 mm.

MATE: Ongeveer 180 cm in deursnee.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; gs – glipsteek; osk – oop skulp (= 2lb, 2ks en 2lb in dieselfde st of sp van vorige rondte); herh – herhaal; vlg – volgende; sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s).

Spasie: 1lb om te begin; * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi *.

Blokkie: 1lb om te begin; * 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi *

AANWYSINGS: Begin met 10ks en gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 20lb in ring.

2e rondte: * 1lb tussen 2lb, 3ks, slaan 2lb oor; herh van * rondom – 10sps.

3e rondte: * 5lb in sp, 1lb in lb; herh van * rondom – 60lb.

4e rondte: 1lb in elke lb rondom – 60lb.

5e rondte: * 4lb, 5ks, slaan 2lb oor; herh van * rondom – 10sps.

6e rondte: * 4lb in lb, 3ks, 1lb in sp, 3ks; herh van * rondom.

7e rondte: * 4lb, 3ks, 1lb in sp, 1lb in lb, 1lb in sp, 3ks; herh van * rondom.

8e rondte: * 4lb, 3ks, 1lb in sp, 3lb in lb, 1lb in sp, 3ks; herh van * rondom.

9e rondte: * 4lb, 3ks, 1lb in sp, 5lb in lb, 1lb in sp, 3ks; herh van * rondom.

10e rondte: * 3lb in eerste 2 van die 4lb, 3ks, 3lb in vlg 2lb, 3ks, slaan eerste en laaste lb oor, 5lb in middel-langbene, 3ks; herh van * rondom.

11e rondte: * 3lb, 3ks, 1lb in sp, 3ks, 3lb, 3ks, 3lb in middel-langbene van 5lb, 3ks; herh van * rondom.

12e rondte: * 3lb, 4ks, (1lb, 1ks en 1lb) in lb, 4ks, 3lb, 3ks, 1lb in middelste van 3lb, 3ks; herh van * rondom.

13e rondte: * 3lb, 4ks, (1lb, 2ks, 1lb) in sp tussen 2lb, 4ks, 3lb, 5ks; herh van * rondom.

14e rondte: * 3lb, 4ks, 3lb in eerste lb, 1ks, 1lb in sp, 1ks, 3lb in 2e lb, 4ks, 3lb, 5ks; herh van * rondom.

15e rondte: gs oor 3lb en 4ks; * 5lb in eerste 3lb van blaar, 2ks, (1lb, 1ks, 1lb) in lb, 2ks, 5lb in 3lb, 5ks, 4lb in 5ks-sp, 5ks; herh van * rondom.

16e rondte: * 5lb in 5lb, 2ks, (1lb, 1ks, 1lb) in sp tussen 2lb, 2ks, 5lb in 5lb, ** 2ks, 1lb in middelste ks van sp, 2ks, 1lb in 1e lb, 2ks, 1lb in 4e lb, 2ks, 1lb in middelste ks van sp, 2ks **; van ** tot ** = 5sps.

17e rondte: * 3lb in eerste drie van 5lb-groep, 2ks, 3lb in lb (= begin van vlg blaar), 1ks, 1lb in sp, 1ks, 3lb in lb, 2ks, 3lb in laaste drie langbene van 5lb, 2ks, herh van ** tot ** in 16e rondte om 5sps te vorm; herh van * rondom.

18e rondte: * 1lb in middelste lb van 1e



GESOGTE TEEROSE

blaar, 2ks, 5lb in 3lb van boonste blaar, 1ks, (1lb, 1ks, 1lb) in lb, 1ks, 5lb in 3lb, 2ks, 1lb in middelste lb van vorige blaar, 2ks, herh van ** tot ** in 16e rondte om 5sps te vorm; herh van * rondom.

Hekel voort en vorm blare op hierdie manier. Wanneer 'n blaar voltooi word, word 4sps in middel van segment vermeerder. Raadpleeg diagram vir blommotiewe. Wanneer 25 paar blare voltooi is, hekel 1 blaar tussen elke paar blare. Hekel dan soos volg rondom tafellap:

1e rondte: * 1kb in sp, 5ks; herh van * rondom.

2e rondte: * 1osk in sp, 2ks, 1kb in vlg sp, 2ks; herh van * rondom.

3e rondte: * 1osk in sp van osk, 5ks; herh van * rondom.

4e rondte: * 1osk in osk, 3ks, 1kb in sp, 3ks; herh van * rondom.


5e rondte: Soos 3e rondte.

6e rondte: Soos 4e rondte.

7e rondte: Soos 3e rondte.

8e rondte: * 1kb, 3ks, en 1kb in sp van osk, 3ks, 1kb in sp, 3ks; herh van * rondom.

Knip gare af en werk netjies af.



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ – spasie ⊗ – blokkie